OPENBARING (2)
Sondag 22 April 2007
Ds Freddie Schoeman

Ons het verlede week gesien dat die boek Openbaring 'n kragtige sentrale boodskap het: God is in beheer. Die mense van destyds het in 'n vreesaanjaende wêreld geleef en hulle uitgelewer gevoel aan die willekeur van die gode en die geeste. Vandag nog kan ons uitgelewer voel aan allerhande magte en kragte maar ons kan hieraan vashou: God is in beheer. Ons is nie uitgelewer aan die noodlot nie.

Vandag gaan ons sien presies hoe Openbaring hierdie beheer van God uitbeeld.

Die jare sestig van die vorige eeu was 'n besondere moeilike tyd vir die inwoners van Judea en Jerusalem. Daar het 'n gees van opstand en rebellie teen die Romeine geheers en dit het konstant toegeneem – 'n kruitvat situasie. Die bevrydingsbeweging, die Selote, het al hoe meer veld gewen. Die provokasie van die Romeinse kant het toegeneem.

In die jaar 66vC het een insident die kruitvat laat ontplof. Die Romeinse goewerneur, Gessius Florus het die Jode een laaste keer verneder. Die Jode het in opstand gekom en die Romeinse leër en garnisoene in Jerusalem aangeval en verslaan. 'n Romeinse leër wat van Sirië gestuur is om te help is ook verslaan. Die Jode was in beheer van die land.

Keiser Nero het toe vir Vespasianus en sy seun Titus gestuur om die opstand te onderdruk.

Ondertussen het 'n burgerloorlog uitgebreek onder die Jode. Twee bevrydingsbewegings het teen mekaar oorlog gemaak. Daar was ook Judeërs wat teen die opstand was. Hulle is meedoënloos vervolg. Onder hulle was die volgelinge van Jesus. Hulle moes vlug vir hulle lewens in hierdie tyd.

Intussen het Vespasianus en Titus se leërs aangekom. Hulle het die hele Galilese en Judese platteland verower en teen 70nC het nog net Jerusalem oorgebly. Die Romeine het Jerusalem beleer en uiteindelik ingeneem. Die stad en die tempel is totaal verwoes. Daar het nie een klip op die ander oorgebly nie. Presies soos wat Jesus in Markus 13 gesê het gaan gebeur.

Al die ander dinge wat Jesus in Markus 13 gesê het gaan gebeur, het ook gebeur. Daar was rumoer van oorloë en die gerugte van oorloë. Die een nasie het teen die ander nasie in opstand gekom. Die een broer het die ander broer oorgelewer om doodgemaak te word. Daar was selfs aardbewings.

Wat het dit alles met Openbaring te doen? Die gedeelte van Openbaring waarna ons vandag en volgende Sondag gaan kyk, 4-11, moet ons teen die agtergrond van hierdie gebeure verstaan. Dit beskryf die gebeure van 60 – 70 vanuit die perspektief van die hemel. (Die mense van destyds het geglo dat dit wat op die aarde gebeur eers in die hemel gebeur.)

Ons moet verstaan dat die hele Openbaring nie op een slag en op een plek ontstaan het nie. Hierdie gedeelte van Openbaring het waarskynlik in hierdie tyd ontstaan en is eers later in Johannes se brief aan die sewe gemeente in Klein Asië tussen die begin en die einde ingevoeg.

Kom ons beskou hoofstuk 4 en 5 oorsigtelik:

4:1-2a Volgend die opvatting (wêreldbeeld) van destyds was daar letterlik 'n deur in die hemel. Johannes gaan deur die deur en kom aan die buitekant van die hemelkoepel te staan. Hy staan dus bo-op die hemelkoepel en kyk vandaar af na die sterre en die planete en na die aarde.

4:3 Wat sien hy? 'n Troon met Iemand op die troon. Voorkoms: opaal en karneool. Onthou nou wáár Johannes is: op die hemel. Hy sien dus sterre. Die belangrikste ster in die noordelike halfrond is die Polaris, of die Poolster. As 'n mens na die naghemel van die noordelike halfrond kyk het die poolster stilgestaan terwyl die al die ander sterre rondom die poolster beweeg het. Die poolster het 'n gelerige skynsel – net soos opaal en karneool.

4:4-6a Vier-en-twintig ander trone. Die mense van destyds het gesien dat daar 24 prominente sterre rondom die poolster was. Vir hulle as hierdie sterre nie maar net sterre nie maar lewende wesens wat elkeen oor 'n vyftiende van die aarde beheer uitgeoefen het. Die mense van destyds het uitgelewer gevoel aan hierdie sterre.

Hulle is dekane of dekanse genoem. (Net oos die hoofde van fakulteite by 'n universiteit). Die Griekse woord is *dekanos*. Dis 'n sinoniem vir die Griekse woord *presbuteros* wat ouderling beteken. Johannes sien

dus hierdie 24 dekanse wat beheer oor die aarde uitoefen as ouderlinge.

4:6b-8a Oë = sterre; dus het ons te doen met sterkonstellasies. As 'n mense na die naghemel kyk is daar vier belangrike sterkonstellasies rondom die poolster gerangskik.

Leeu = Leo (Die Leeu)
Bul = Taurus (Die Bul)
Arend = Pegasus (Dondervoël)
Mens = Skerpion

4:8b – 11 Wat doen die sterkonstellasies en die die 24 ouderlinge? Sterkonstellasies besing die almag van God. Die ouderlinge kniel voor God en sit hulle krone voor Hom neer en besing sy grootheid!

Onthou die sentrale boodskap van Opbenbaring: God is in beheer, *nie die gode en die sterre en die geeste nie!*

5:1-7 Die Lam is die Aries sterkonstellasie. Kyk altyd terug – so asof sy nek gebreek is. Johannes het hom gesien as "geslag".

Boekrol = kommunikasie van God. Die lot van Juda is in die boekrol opgesluit.
Regterhand = simboliseer beheer.

5:8-13 Let op aan wie die eer gegee word. Die dekanse, wat so magtig was, buig voor God. Die lewende wesens, wat so angswekkende en skrikwekkend vir die mense van destyds was, besing God se eer.

En nou hoofstuk 6-7:

6:1-8 Die eerste vier seëls word oopgemaak.

Een van die verskynsels in die hemel wat die mense van destyds aangegryp het en baie bang gemaak het, was komete. Komete het verskillende vorms aangeneem: sommige komete het gelyk soos bakke, ander soos trompette, nog ander soos swaarde en nog ander soos perde.

Wanneer 'n komeet oor 'n bepaalde landstreek verskyn, het dit sonder uitsondering gedui op onheil. (Nie oor die hele aarde nie, net oor die landstreek waaroor dit verskyn.) Dus: "aarde" = landstreek.

In hierdie gedeelte sien Johannes vier komete wat (binne die konteks) oor die Judese landstreek verskyn en dit dui op onheil. Dis nie goeie nuus vir Jerusalem en Juda nie.

Ons moet ook iets verstaan oor die planete. Daar was vyf planete wat met die blote oog waargeneem kon word: Saturnus, Jupiter, Mars, Venus en Mercurius. In hierdie gedeelte speel laasgenoemde vier 'n rol. Saturnus speel by die sewende seël sy rol.

Hierdie planete is ook gekoppel aan bepaalde kleure:

Jupiter = helder wit - oorwinning
Mars = rooi - oorlog
Mercurius = swart - hongersnood
Venus = bleekwit (vaal) - dood

Kom ons gaan kyk nou na die eerste vier seël wat oopgemaak word.

6:1-2 Lewende wese = Leeu (Hoofster: Regulus – as die koning van die sterre beskou)

6:3-4 Lewende wese = Bul

6:5-6 Lewende wese = Skerpioen (Lê net onderkant Libra – weegskaal – lyk asof die Skerpioen 'n weegskaal in sy hand het. Koring en gars is met 'n weegskaal afgemeet)

6:7-8 Lewende wese = Arend (Pegasus)

6:9-11 "Altaar" sterkonstellasie. Geleë in die Melkweg. Die Melkweg het Johannes gesien as die siele van die martelare.

Boodskap vir vandag: hoofstuk 4-11 het spesifiek betrekking op 60-70nC. Maar in ons tyd is daar ook oorlog, met lande wat hulle wil op ander lande wil afdwing. Ons het ook hongersnood (Zim), en die dood is daaglikse realiteit as gevolg van misdaad. Die perde van Openbaring hardloop dus vandag nog – maar: God is in beheer. Hy is besig om 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde tot stand te bring. Die nuwe stad Jerusalem is besig om vanuit die hemel neer te daal. God se woonplek is reeds by ons en Hy is besig om trane af te droog … . Ons as gelowiges word geroep om hieraan gestalte te gee. Ons is God se handlangers, sy medewerkers, sy instrumente.

6:12-17 Son en maan (die "ander" planete)

7:1-8 Die 144 000 dui op die Judeërs in Jerusalem wat "gemerk" is. (Die Jesus-volgelinge?)

7:9-12 Al die ander volgelinge van Jesus

7:13-17 Wat 'n troos! Maak nie saak watter tragedie gelowiges tref nie, die Here sal hulle altyd in ere herstel.